Chemists PLUS -apteke
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXII NOMMVER 5 25 MEI 1977

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

# AFRIKAANSE EN ENGELSE STUDENTE BEWEEG NADER AAN MEKAAR

Deur John Leyden

**Tydens die afgelope Studenteraadskonferensie wat op 25 April by RAU gehou is, was daar besliste veranderings tussen die Afrikaans- en Engelsestudente, in die sin dat daar groter vertroue en samewerking tussen die studente ontstaan het. Alhoewel Swart- en Kleurlingstudente genooi is, was hulle nie in staat om die konferensie by te woon nie.**

Beide die politiese en apolitiese kante van die onderwerp studentediens is op die konferensie bespreek. Die Engelse studente was van mening dat die gemeenskap verander kan word deur welsyn as die dryfveer. Hulle het met ander woorde humanistiese redes aangevoer. Die Afrikaanse studente het meer van die standpunt van naasteliefde uitgegaan waar die Christelike grondslag en roeping teenoor die medemens ter sprake was. Dit was egter duidelik dat daar nie plek is vir negatiewe patrianiste nie.



*Theuns Eloff*
*Foto: Fotokuns*

**Bande met Engeland**

Nick Haysom, voorsitter van Ikeys en president van Nusas het gepraat van die "white liberal university" wat vandag bestaan. Verder moet die Engelse student besef dat hy nie meer in Moeder Engeland is nie, maar deel van Afrika is. Hy het ook gesê dat die universiteit van vandag gekommersialiseer is en dat die praktyk voorskryf wat die student moet leer. Die universiteit is dus 'n masjien wat net bekwame mense op die samelewing en industrie se voorskrif lewer.

Theuns Eloff, voorsitter van die P.U. vir C.H.O. se Studenteraad sien die universiteit egter nie as 'n ivoortoring wat geïsoleerd en onaangeraak moet wees nie, daar is besliste raakpunte met die samelewing. Belangrik is dat die Universiteit nie slegs in diens van die gemeenskap moet wees nie, maar primêr in diens van die wetenskap.

**Neutraal**

Wat is neutraal en wat is wetenskap? Oor hierdie punt het die Puk en die Engelse studente saamgestem. Hulle het gesê dat jy nie neutraal kan wees in die taak van die universiteit nie.

'n Voorbeeld om die verskil tussen die Puk en die Engelse student aan die eenkant en die ander Afrikaanse studente duidelik te stel, kan Tukkies se argument aangehaal word. Hulle sê egter dat die keuse van 'n studieveld nie 'n wetenskaplike vraag is nie, maar neutraal, terwyl die Puk en die meeste Engelse studente saamstem dat dit wel op wetenskapsvlak lê.

Daar was wel 'n verskil tussen die Puk-studente en die Engelse studente in die sin dat die meeste Engelse studente die universiteit slegs as 'n opvoedkundige inrigting beskou. Die vormingsaspek van die hoër opvoedkundige inrigting is deur al die universiteite beklemtoon.

**Polarisasie**

In die onlangse verlede was daar 'n sterk polarisasie tussen die Afrikaanse studente en Engelse studente. Dié jaar het die prentjie aansienlik verander – moontlik omdat die Afrikaanse studente logies begin dink het en die Engelse studente meer positiewe mense as leiers gekry het. Daar was dus 'n groter spektrum van menings.

Dit het duidelik gebleik dat die Engelse studente beslis nie almal links neig nie, alhoewel daar tydens die konferensie van tradisionalistiese – tot radikale menings was.

**Almal praat politiek**

Met dié konferensie was die Afrikaanse studente beslis meer bereid om amptelik oor politieke sake te praat. Voorheen het hulle hul beperk tot sake rakende studentediens en studentevoordele in die sakelys.

Die feit dat daar meer oor politiek gepraat is, het politieke misverstande tussen die Afrikaanse student en die Engelse student uit die weg geruim. Dit wat die Engelse studente "political issues" noem, is nie noodwendig partypolitiek nie, maar meer 'n lewens- en wêreldbeskouing. Sodoende is agtergekom dat die Engelse studente meer lojaal is teenoor Suid-Afrika en sy mense as wat gedink is, en groter kontak en vertroue ontstaan het.

**Nusas**

Nusas het ook meer geloofwaardig geword met hulle beleid van "Africanization". Nick Haysom, voorsitter van Nusas, het gestel dat jy deel van Afrika is en vir jou eie voortbestaan en die van ander mense moet werk. 'n Verdere interpretasie van Africanization is die opheffing van "racial barriers" en die daarstelling van 'n "intergrated society".

Daar bestaan egter nog linkse verenigings op Engelse kampusse wat hulle ontstaan het uit die "ou Nusas". Op Wits bestaan die "Student African Movement", op UCT die "Student Social Democracy" en op Durban die "Student Democracy Association". Van die Engelse studente sê self dat hierdie verenigings byna ekstremisties is en moeilik om mee te kommunikeer.

In 'n onderhoud met die Wapad het Theuns Eloff gesê dat daar groot vooruitgang gemaak is op die konferensie en wel op die gebied van skakeling tussen Afrikaanse- en Engelse-studente.

## LEES BINNE

- Kuns en vermaak .. Bl. 2
- Klappe word uitgedeel .. Bl. 3
- Hoofartikel Bl. 4
- Deur my Lens ...... Bl. 5
- Koshuisnuus Bl. 6

# Vergunning en Beperkings

Deur Christiena Pelser

**Die Advieskomitee vir koshuise het nuwe aanbevelings vir laataande vir al die dameskoshuise aan die Rektor voorgelê, wat ook deur hom en die Universiteitsraad goedgekeur is. Die nuwe reël lui as volg:**

**Algemene laataande op Vrydagaande vir alle dameskoshuise**

1.1. Aan eerstejaardames word drie laataande per kwartaal toegeken, waarvan twee op 'n Vrydagaand geneem moet word – dit laat die eerstejaars meer ruimte gedurende die naweke, maar beperk hulle gedurende die week.

1.2. Aan tweedejaardames word 'n algemene laataand op Vrydag en twee keuse laataande per maand toegeken.

1.3. Aan derdejaardames word 'n algemene laataand op Vrydag en een laataand per week toegelaat.

1.4. Saterdagaand bly 'n algemene laataand.

1.5. Aan alle huiskomiteelede en studente in hul vierde akademiese jaar word 'n algemene laataand op Vrydag en twee laataande per week toegeken.

Daar word met dank van die dames se kant af van die nuwe reëls kennis geneem, of hoe dames?

Met baie minder dank van die Puk-massa se kant af word kennis geneem van die feit dat huisvaders aangesê is om toe te sien dat **geen** serenadegroepe vir koffie ingenooi word nie, hetsy daar 'n huiskomiteelid by is of nie! Jammer manne, dis buite ons beheer!

Van hierdie winter af word verwarmers in die koshuise toegelaat. Daar moet streng gelet word dat slegs **een** asbesverwarmer per kamer toegelaat word. Die verwarmers sal hopelik 'n verbeterende invloed op die akademie hê. Ons moet altyd onthou dat ons primêre doel op die Puk is om kennis te verwerf. So, komaan Pukke, rol julle moue op; skuif agter die verwarmers in en stry die genotvolle stryd om kennis na kennis.

# BESWARE TEEN NAWEEKTOETSE

**DIE Studenteraad het sterk standpunt ingeneem teen naweektoetse nadat hoë universiteitsamptenare erken het dat die Senaat se besluit dat toetse Vrydae- en Saterdae-aande geskryf word 'n "vyfminuut" besluit was.**

Die moontlikheid dat naweektoetse in die nabye toekoms opgehef sal word is egter baie skraal omdat die Senaat nie voor Juliemaand hul besluit in heroorweging sal kan neem nie.

Die redes wat die Senaat aangegee het vir die skryf van naweektoetse word in die verslag gegee wat deur mnre. Theo Cloete en Riaan van der Walt, albei SSR-lede vir die Akademiese Raadsportefeulje, as:

- die feit dat die PUK die kortste akademiese jaar van alle universiteite het en die toetse baie tyd in beslag neem,
- klasperiodes is heel dikwels te kort;
- die Senaat is van mening dat die studente nie gedurende naweke akademies verkeer nie, en gevolglik akademies swak presteer;
- gevolg van die "toename in akademiese werksaamhede" 'n "sesdaagse werkweek" vir die studente geregverdig is;
- dat "studente van die duurste leeglêers in die land" is daar hy net 'n "geringe" deel van sy studies betaal. Daarby in ag genome dat 43 per sent van alle eerstejaars druip; en
- studente kan nou naweke op die kampus gehou word en in 'n "positiewe studentelewe vir die naweek" betrek word. Dit verhinder ook dat studente te veel gedurende die naweke rondry in die lig van die huidige ekonomiese krisis.



*Theo Cloete Voorsitter van die Akademiese Raad*

Mnre. Cloete en Van der Walt sê in die verslag dat hulle probleme gehad het om samewerking van die owerhede te kry en kan daarom nie aanspraak maak daarop dat dit al die redes is nie.

Hulle noem vyftien praktiese probleme wat die studente ondervind met die skryf van naweektoetse.

Van die belangrikste is die probleem dat die toetse baie gekonsentreerd is. Dit blyk dat daar in 'n sekere fakulteit van 18 Maart tot 25 Junie elke Vrydag en Saterdag toetse geskryf word.

Volgens die verslag sal studente wat huistoe wil gaan gaan, al is dit nadat die toets geskryf is. Saamryery word benadeel en dit is ook nie bevorderlik vir die huidige ekonomiese situasie nie.

B.Sc.-studente kla dat hulle Vrydae tot sesuur prakties het. Net 'n uur daarna moet hulle toets skryf.

Daar is ook te veel studente aktiwiteite en verenigings wat nadelig getref word deur naweektoetse. Hieronder word die volgende genoem: die Admissiebond, Teologika, die P.U.-koor, Thalia wat van naweekoptredes afhanklik is, die Voortrekkers en die Volkspele-groep.

Vier aanbevelings is deur die kommissie gemaak. Dit word heelhartig deur die SSR gesteun.

Volgens die verslag is die studente baie ten gunste van semesterkursusse. So 'n leerplan, sê die verslag, sal die student dwing om dwarsdeur die jaar te werk.

Deur studente wat Juliemaand nie slaag nie te laat gaan sal baie geld gespaar word.

Die studente is van mening dat klasperiodes heeltemal genoeg tyd laat vir toetse. Toetse kan gedurende weeksaande geskryf word. Daar is genoeg lokale daarvoor, sê die verslag. Dit sal ook beteken dat na-uurse en dagstudente nou saam aan dieselfde vraestel kan skryf.

As dit dan nie anders kan nie word die Senaat versoek om toe te gee dat ten minste een naweek per maand daar nie toetse geskryf word nie.

Die aanbevelings is na verneem word deur die Senaat verwerp maar die saak word deur die studenteraad met die nuwe rektor prof. Tjaart van der Walt opgeneem.

# Kuns en Vermaak

# Spel sonder Grense

**Soos almal reeds weet het die Wes-Transvaal streek die gewilde "Spel Sonder Grense" gewen. Aster het met twee van die gelukkige wenners gaan gesels en die voorreg gehad om in hulle vreugdes te deel.**

Die vier wenners by name mev. Bea Botha, mej. Rosalie de Klerk en mnre Malan en Niewenhuizen is al vier dosente aan die Puk en wel. ook bekende persoonlikhede. Ons wil hulle dan ook hartlik gelukwens met hul pragtige oorwinning en veral met die nuwe motors.

Dawie Malan het verduidelik hoe hulle vier in aanmerking gekom het om te kan deelneem. Mnr Ben Vorster van die Departement Sport en Ontspanning het hom, Dawie, geskakel en gevra of hy aan persone kan dink wat moontlike kandidate kan wees. Fiksheid, uithouvermoë, koördinasie en fisiese voorbereiding was 'n noodsaaklikheid. Na 'n deeglike bepeinsing is Dawie, Bea, Rosalie en Flame gevra om deel te neem.

Maar was die TV kameras nie 'n vreeslikheid nie. "'n Mens slaan skoon blank", het beide Rosalie en Dawie gesê. Die vasvrae was daarom ook nie so aangenaam soos die ander items nie. Geeneen van hulle kon ook voorberei vir die vasvra nie, aangesien dit gegaan het om algemene kennis te toets. Dawie het verder vertel dat hulle geensins 'n program gehad het van die verskillende kompetisies nie. Met ander woorde, hulle het nie geweet wat volgende gaan plaasvind nie. Rosalie het dan ook gesê dit is juis die onbekendheid wat soveel spanning veroorsaak het, maar dit was lekker.

Al die deelnemers het hul sweetpakke by die Johannesburgse Televisiesentrum ontvang. Die opnames is die einde Februarie en die 23ste April gemaak. Dawie is van mening dat hulle gewen het omdat hulle van die gebalanseerdste span onder almal was. Die kompetisie was straf en hulle was nooit absoluut verseker dat hulle gaan wen nie. Natal en die WP was hul sterkste teenstanders.

Beide Dawie en Rosalie is van mening dat die fietsry item die uitputtendste was. Hulle moes 12 km op 'n aflosbasis ry en wel die een bult op en die ander bult af. Rosalie vertel van haar ondervinding: "Toe ek weer sien is Pierre Spies hier langs my en albei van ons trap dat dit klap. Ek moes net kophou want ek wil hom wen en ek dink. Rosalie, hou jou ritme. So gesê, so gedaan en toe ek weer sien, ry ek skoon onder Pierre uit".

"Die spangees was wonderlik onder al die spanne. 'n Mens kan nie dink wat dit beteken as selfs 'n opponerende span jou aanmoedig nie" was hulle mening. Rosalie het ook die name van die twee reserwes genoem nl. Wilna Fondse en Gerrie van Wyk wat hulle ontsettend baie aangemoedig het.

Die hinderniswedloop was die lekkerste en nie een van die twee kon genoeg daaroor praat nie. Dawie is van mening dat koördinasie hier ook 'n belangrike rol gespeel het.

Het hulle aan die motor gedink? Dawie het gesê nooit, behalwe by die laaste twee items. Ek het deelgeneem omdat ek dit geniet het. Rosalie sê ja, want jy werk in 'n span en jy probeer jou bes omdat jou spanmaats dalk die motor kon verbeur.

Dawie vertel dat hulle almal fiks was. Hy het net by sy daaglikse oefenprogram gehou. Hulle het moeg geword ja, maar hulle fiksheid het 'n groot rol gespeel. Hy voel verder dat die organiseerders van "Spel Sonder Grense" meer erkenning moet kry en in die besonder Jan Snyman. Die trefkrag wat die televisie gehad het, het ook baie bygedra tot die sukses van die program veral die dag op die Pilditch. Hulle het geleentheid gehad om top sportmanne en -vroue te ontmoet van wie jy baie hoor. Die ontsettende spangees onder die deelnemers was groot en dit het 'n groot indruk op hom gemaak.

Rosalie wil net vir almal sê: "Hou aan met oefen, moet nooit dink jy is fiks genoeg nie. Oefen elke dag en jy sal nooit spyt wees nie. Ons het dan elkeen 'n motor gewen".

Die sprankel van hierdie twee atlete het 'n ontsettende indruk op my gelaat en ek wens die geleentheid was daar om met Bea en Flame ook te kon gesels.

Pukke, ons sê baie hartlik geluk aan Dawie, Rosalie, Bea en Flame!




***Die gelukkige wenners van Spel sonder Grense is: Vlnr: Bea Botha, Rosalie de Klerk, Flame Niewenhuizen en Dawie Malan. (Foto: Fotokuns).***

# SWARTVROU MEER MODEBEWUS

**"Die modebewuste vrou in Suid-Afrika is vandag die swartvrou." So sê mnr. A. Müller-Kälin, 'n Suid-Afrikaanse mode-ontwerper.**

Hy was op-pad na Jan Smuts-lughawe, vanwaar hy na Europa sou vertrek, toe Die Wapad by hom uitgevind het, wat die Pukdames volgende somer gaan dra.

Mnr. Müller-Kälin sê dat dit die jongmense is, wat modebewus is. Vir die Westerse wêreld het nuwe waardes soos 'n eie motor belangriker geword. Terwyl die blanke jeug aan gebleikte jeans bly kleef, vind nuwe modes nie inslag nie, kla hy.

Volgens hom word die swartes nou eers modebewus, omdat hulle dit vir die eerste maal kan bekostig. Die jong swartvrou is sy vernaamste klandisie.

Hy vertel verder dat strepe volgende somer nog hoogmode is, maar op 'n ander manier. Die strepe gaan geometriese patrone, reghoeke en sirkels vorm om hier en daar met blomme onderbreek te word, verduidelik hy.

"Denim is aaklig," sê hy. Dit is egter in Europa ook nog gewild. Hy hoop dat blou denim nou gaan uitsterf. Hy verraai dat volgende somer ander kleure denim, ook met ontwerpe op, gaan bring.

Mnr. Müller-Kälin vertel dat die mense alhoemeer terugkeer na natuurlike vesels soos kaasdoek, ongebleikte linne, kombuisdoek en katoen, wat met sy sade en al geweef is. Blykbaar gee die Suid-Afrikaanse vrou nie om om weer te stryk, ná die blaaskansie wat sintetiese stof haar gegee het nie.

Mnr Müller-Kälin, 'n Switser van geboorte, sê dat die meeste Suid-Afrikaanse ontwerpers immigrante is. Hy skryf dit daaraan toe dat die plaaslike publiek wil hê, wat oorsee gedra word. Daarom moet die ontwerpers vinnig op die Europese modes reageer om voor te bly.

Hy was oppad na Frankfurt-Interstoff, 'n modeparade waar al die toonaangewende ontwerpers jaarliks probeer voorspel hoe hulle die nuwe seisoen moet raai. Daarvandaan gaan hy kyk wat die modehuise van Milaan, Parys, Zürich, Düsseldorf en Londen inhou.

Mnr. Müller-Kälin sê dat Suid-Afrika veral van Frankryk, Italië, Duitsland, Brittanje en Japan klere koop.

# Aster kuier by Sy Edele Dr. G.J.J. van Deventer – Burgemeester van Potchefstroom

**Tydens 'n baie suksesvolle besoek aan Dr. van Deventer is aan hom gevra hoe hy sy taak as Stadsraadslid sien en in besonder sy plig tov die damesstudente wat 70% van sy kiesers verteenwoordig. Dr. van Deventer antwoord soos volg:**

"Wyk 2 is verskillend van ander wyke in dié sin dat Stadraadslede van ander wyke rekenskap moet gee van bv. die toestande van die padoppervlakte, sypaadjies, eiendomsbelasting, ens. en hierdie dinge is nie ter sprake in Wyk 2 nie.

Dit gaan egter hier om behoeftes wat by die kiesers mag ontstaan en wat die Raadslid se aandag moet geniet. Behoeftes van die individuele kiesers kan direk onder die aandag van hul Raadslid gebring word, maar as dit bv. 'n probleem van 'n koshuis is, is dit raadsaam om 'n brief deur die HK en via die SSR aan die Stadsklerk te rig wat sal sorg dat die saak op die sakelys van die Raad gebring sal word. 'n Afskrif van die betrokke brief moet aan die betrokke Raadslid gestuur word sodat hy as spreekbuis by die Raadsvergadering kan optree.

Dames, daar is ook twee dames Raadslede op die Stadsraad en by name Raadslede Uda Claassen en Hettie du Preez. Sou daar probleme wees wat u dink beter deur 'n dame hanteer kan word, sal ek geensins afgehaal voel indien van bg. dames gebruik maak nie. Ek sal selfs vir u 'n onderhoud met een van die dames reël.

Een aktuele probleem wat wel onder my aandag is, is die tekort aan telefone in die dameskoshuise. Wat moet u nou doen? Maak 'n studie van die telefoonbenodigdhede van al die koshuise deur die HK en via die SSR. Ek, as Raadslid, sal dan poog om met 'n oorhoofse beplanning wat ek by die Posmeester gaan voorlê, almal se telefoonprobleme op dieselfde tyd op te los.

Wees in alle gevalle verseker van my steun vir enige projek wat u in die toekoms mag beplan."

# ERVARE VIOLISTE TREE OP

**Die puik violiste, Annemarie Schulenburg, sal op 24 Mei en weer op die 25ste, aan 'n konsert van kamerwerke in die Nuwe Orrelsaal van die Konservatorium deelneem. Sprankelende viool-, tjello- en ander kamerwerke beloof om tot 'n genotvolle aand by te dra.**

By dié geleentheid sal ook die bekende Van Zyl Hough (viool), en 'n nuweling Dalena Roux (tjello), optree. Hulle word deur die bekwame en talentvolle veterane, die pianiste, Pieter de Villiers en Hennie Coetzee, begelei.

Hoewel Annemarie nie as soliste optree nie sal sy as leier van die ensemble haar groot musiek-ervaring laat geld in die vertolking G.F. Händel se manjifieke en grootse Triosonate in D. Haar mede-deelnemers is Van Zyl Hough, Dalena Roux en Hennie Coetzee by die klawesimbel.

Vanaf 1963 het Annemarie haar belangrikste en vormendste onderrig van die bekende Alan Solomon van Johannesburg ontvang. Daarna (1965), rond sy haar studie af aan die Konservatorium in Pretoria met W. Mathlener as direkteur. Vanaf 1966 tot 1968 sit sy haar studie in vioolvoordrag voort aan die Musiekakademie in Keulen. Daar het sy onderrig van die bekende prof. Franz Joseph Maier ontvang.

Aan die begin van 1969 word Annemarie as dosente aan die Musiekdepartement aan die PU vir CHO aangestel. Sedert dié tyd het sy diep spore getrap, hetsy in die onderrig van leerlinge en studente òf in die aanbieding van konsertvoordragte. Dit sluit gereelde optredes in as soliste òf in kamerwerke òf as leier van die Konservatorium-orkes onder leiding van prof. Attie van der Walt.

Musiekmaak is Annemarie se grootste liefde. Tevore reeds het sy aan Betty Pack se ensembleklasse in Pretoria deelgeneem. Dit het die gereelde uitvoering van trio's, kwartette en selfs oktette tot gevolg gehad. Dit lei daartoe dat 'n besondere eer haar te beurt geval het, naamlik om gekies te word as 'n vaste lid van die Suid-Afrikaanse Kamerorkes onder leiding van Alan Solomon. Hierdie orkes wat uit 9 professionele musici bestaan, konserteer gereeld en saai ook dikwels uit.

Dit het meegewerk dat talle musiekliefhebbers haar spel geniet, waardeer en daarna uitsien. Moontlik word dié kring nog verder uitgebrei met dié konsert.

die WAPAD

# PROF. TJAART: 'N FRIS BRIES

**Ons rektor prof Tjaart van der Walt het op Maandag 9 Mei die SSR toegespreek. 'n Paar van die gedagtes wat hy geopper het is dat die kanaal tussen owerheid en student moet oop. 'n Kanaal wat té lank verstop was.**

**Vergeet van inspraak, maar ons moet ons harte en ons koppe bymekaar sit, mekaar vertrou, het hy gesê.**

**Ons moenie wag dat die rektor sê doen dit of doen dat nie, of wag tot daar 'n opdrag kom nie maar eie inisiatief gebruik.**

**By ons Christelike Afrikaanse Universiteit moet almal deelneem.**

**As die rektor iets sê is dit sy mening, nie evangelie nie, het hy gesê.**

**Dit is welkome woorde want gesag is soos respek. Mens verdien dit. Jy kan dit nie eis nie.**

**Dieselfde met die reg tot kritiek, spraakvryheid en inisiatief. In ons Christelike siening van gesag en vryheid kan mens selfs totaal onvry wees omdat jy te sleg of lui is om dit wat jy het aan te gryp. Te gebruik. Nie net tot jou eie voordeel nie maar tot die voordeel van elke ander mens.**

Kommentaar

# HALLO SSR, EN DANKIE

**Dit is die eerste keer in 'n lang tyd dat die studente van die Puk die gedagte kry dat die Studenteraad in hulle belang daar is.**

**Met die Studenteraad se besliste standpunte oor naweektoetse, kritiek teen onvoorbereide dosente en die voorgestelde toegewings ten opsigte van kleredragreëls is die Studenteraad besig om nader aan die studente te beweeg.**

**Vir die eerste keer in 'n paar jaar voel ons gerus oor 'n raad wat ons as studente daar gestel het. Deur hul kragdadige en besliste optrede is hulle besig om die vertroue wat deur vorige rade verloor is te herwin.**

**Ons glo nie dat dit nodig is om mnr. Theuns Eloff en sy Studenteraad te vertel hoe dit gedoen moet word nie want hulle is besig daarmee.**

**Eerder wil ons hulle bedank. In hierdie koers is ons met julle.**

# REDELIKHEID EN NAWEEKTOETSE

**Die Afrikaanse student en die studente van hierdie universiteit kan nog nooit daarvan beskuldig word dat hulle onredelike eise aan die owerheid stel of hulself aan militante gedrag skuldig maak nie.**

**Redelikheid het nog altyd geseëvier. Dit is ons wens dat dit so moet bly.**

**Maar dit is ook ons wens dat redelikheid met betrekking tot reëlings ten opsigte van sake wat die studenteorganisasies en verenigings ten nouste raak deur die owerheid aan die dag gelê moet word.**

**Die instelling van naweektoetse is blykbaar vinnig-vinnig deur die Senaat afgehandel sonder dat daar die minste oorweging aan die student se saak gegee is.**

**Die student wat akademies swak vaar moet gedurende die middel van die jaar padgee. Is dit nie genoeg nie? Moet ons nog verder "gestraf" word met naweektoetse?**

**Ons glo nie dat dit onredelik is om die Senaat te vra om die verslag van die Studenteraadskommissie in heroorweging te neem nie.**




# CALVIPOL OF CALVIBOSS?

**Blykbaar is dit enigiets wat om koshuishoeke en -deure loer en net so vinnig soos 'n kakkerlak in 'n skeurtjie verdwyn om iewers in die strafkomitee se kombuis op te duik. Hulle kan jou aankla van enigiets waarvan jy in elk geval self nie hou nie en voordat jy weer dieselfde woord kan sê is jy voor die komitee.**

Hulle beskuldig onskuldige mense. Hulle is gevaarlik en agterbaks. Hulle speel met vuur.

Maar wát van T-hempies sodat ons hulle kan uitken. Spierwit met kakiearmband én die voorletters CP én 'n eie DB vir die Puk. Sonder die keuse van 'n boete.

Miskien hou dit verband met die versoek aan die besture van sommige verenigings om 'n ogie op hulle lede se kleredrag te hou.

Om die woorde van 'n groot politikus aan te haal; "Go (directly) to hell," en do not pass Go, do not collect R200.

Ek meen, kyk net hoe maklik is spórtbeurse reeds.

**Parkeermeter, sterf!**

Gewoonlik word parkeermeters nie geteer en veer nie maar doodgewoon geverf. Nog altyd iets om voor dankbaar te wees.

Maar die ergste het die Sondag net na heropening gebeur, met die eerste lig. Die tweede parkeermeter op pad uit Potchefstroom uit, het aan sy nek gehang totdat hy dood, dood, dood is.

Reg voor Huis en Tuin aan die plafon. Elfuur was die lyk nog daar. 'n Grusame gesig.

Vir agt maande van die jaar samel die Bult se parkeermeter stoïsyns geld in vir die dorp. Altans, dit kon agt gewees het as hulle tradisioneel vir een maand vir hul jaarlikse "check-up" verwyder word nie. Dit kon selfs twaalf maande gewees het as die Puk nie so af en toe gesluit het nie.

Tot net voor Karnaval is die dorp nog ryk. Maar o wee. Dan kos dit R799 van die R800 wat dié meters vir die skatkis insamel om hulle weer vir die volgende geleentheid in aksie te hê. En nou dit.

Verkoop die parkeermeters. Dan is daar geen inkomste, geen uitgawe, geen teregstellings en geen frustrasies nie. Miskien kan mnr. Dippenaar van Potch inry belang stel. Ons beslis nie.

**Sleepaksies en naamlose briewe.**

Daar is verskeie dames op die Puk.

Ek bedoel daar is vier soorte, om meer spesifiek te wees.

Daar is dames wat ordentlik sleep en nie nodig het om skaam te voel daaroor nie.

Ten tweede is daar dames wat sleep en skaam voel daaroor.

Derdens is daar dames wat nog nooit gesleep het nie maar glad nie daaroor sleg voel nie.

Laastens is daar die dames wat nog nooit gesleep het nie, of net 'n keer of wat én sleg voel daaroor.

Die laaste is dié wat soms naamlose briewe aan die eerste groep stuur. Op die trant van "namens die inwoners" en "ordentlike meisies" en as dit of dat nie "end kry nie sal jy op die volgende koshuisvergadering bespreek word."

# OP DIE WA-AS

*MAURITZ MOOLMAN*

Behalwe dat dit lasterlik en afpersing is, is dit lafhartig en laakbaar. En dit geld vir al die identiteitlose reformiste.

Soos een van die inwoners van 'n dameskoshuis die volgende dag tot haar skok uitgevind het, is dit verspot maklik om die skrywer op te spoor.

Miskien moet Die Wapad dit oorweeg om 'n rubriek soos "Dr. Welman se Redelike Raad aan Reddelose Romanses" te begin. Dan kan u ál die slepers vasvat. Of hoe sê ek. . . eh. . . juffrou!

NUWE KOMITEE

# Karnavalkomitee bekend gemaak

**In die onderhoud met die Wapad het Koot van der Walt, Karnavalvoorsitter vir 1978 gesê dat daar gepoog sal word om voort te bou op verlede jaar met uitbreidings en veranderings.**

Moontlike nuwe items wat ingevoer gaan word is 'n motorfietstydren, fietstoer op standaardfietse, modeparades en 'n skoonheidskursus deur 'n bekende kosmetiekvervaardiger.

Die komitee bestaan uit die volgende persone: Koot van der Walt – voorsitter, Jan-Louis du Toit – ondervoorsitter, Japie Cronjé – penningmeester, M. Labe en Annemarie Jacobs – sekretaresses. Die addisionele lede is Jan Botha, Ryk Brink en Anita du Plooy.

# Uit die Woord

*'N REGTE WAARDEBEPALING*

*Luk. 10 : 41 en 42 – Maar Jesus antwoord en sê vir haar: Martha, Martha, jy is besorg en verontrus oor baie dinge; maar een ding is nodig; en Maria het die goeie deel uitgekies wat van haar nie weggeneem sal word nie.*

*Ons daaglikse doen en late word grootliks bepaal deur ons waardebepaling. Elke student kan beswaarlik aan alle studente-aktiwiteite deelneem en gee dus sy deelname slegs aan dié waaraan hy die meeste waarde heg. Die vraag is egter of ons waardebepaling nog reg is, veral ook t.o.v. ons godsdienstige lewe.*

*Temidde van die bedrywighede vir 'n groot maaltyd het Maria tyd gemaak om aan die voete van Jesus te sit om aktief, met volle aandag, te luister na die woord van Jesus Christus. Hierteenoor vind ons Martha, die flukse en gasvrye huisvrou. Sy het Jesus in haar huis ontvang en was baie besig om alles klaar te maak om Hom te bedien.*

*Vir ons lyk beide optredes so pragtig, maar Christus sien die verskil raak. Dit is 'n verskil in waardebepaling. Maria ag die diens van Christus hoër as haar eie. 'n Diens wat alleen bestaan uit genade. Die grootste bewys hiervan is die kruis op Golgotha. Verlossing is bewerk. Versoening is gedoen. Maria het besef dat sy in haarself niks het om vir God te gee nie. Die mens staan, vanweë die sondes, tot die dood toe skuldig voor God. Maria wou dus eers ontvang en dan sou sy gee. Sy het ook inderdaad gegee toe sy Jesus se voete met die kosbare nardussalf gesalf het (Joh. 12:3). Martha het te veel waarde geheg aan die tydelike dinge, terwyl dié een ding – die Brood van die ewige lewe by haar verbygegaan het.*

*Ons studentelewe is oorvol geprogrameer. Ons doen en wil nog baie dinge doen. Ons het so baie dinge op ons kefstok, baie tydelike dinge waaroor ons besorg en verontrus is. Hierteenoor is daar net een ding nl. die Woord van die Here wat bly tot in ewigheid. Alleen dit moet in my persoonlike lewe die sentrum word van my bestaan. Ek moet eers sit en luister, dan kan ek opstaan en doen. Dan sal ek ook doen wat Christus vir my sê om te doen.*

*"Soek eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word". (Matt. 6:33) Die hoofsaak is die koninkryk van God en sy geregtigheid. Die bysake, dit beveel God ons om in Sy almagtige Vaderhand te laat: Hy sal daarvoor sorg.*

# KOSHUISNUUS

## Oosterhof hou fees

**Na elf lange jare wat gepaard gegaan het met moeitevolle stryd het ons uiteindelik dit gekry - splinternuwe gordyne en meubels.**



*Sleepbanke ingewy. Huisma met sambreel hou toesig. (Foto fotokuns).*

Elf jaar se wag - dit verdien mos 'n fees of hoe? 'n Feesmoeder in die figuur van Henriëtte is aangewys en sy en haar susters in die koesistertent het gesorg dat ons 'n "ware Afrikaner"-fees beleef.

Vroegweek is daar gewerskaf, uitnodigings is uitgestuur en hangkaste van bo na onder uitgepak op soek na 'n geskikte uitrusting vir "dié" geleentheid.

Donderdagaand was alles in feesgewaad getooi. Akademie was tydelik vergete - die fees was die belangrikste. Die sitkamer, die objek van feesviering, was getooi soos nog nooit. Die eregaste het een vir een opgedaag. Eers het Prof. Schalk (huispa) opgedaag, toe Mnr Fick (van koshuisfrustrasie wat 11 lange jare die klagtes moes aanhoor) en dan natuurlik oom Piet Kiekies om die geleentheid te verenig.

Ander gaste wat veral die oog getref het was o.a. Voortrekkerdame (Anelia) wat kaalvoet oor die Drakensberge moes trek, die drie da óder yt die kap - Anna, Frieda en Magda, Mary Poppins (Tannie huisma Annatjie) en die vermaarde Prinses Hendrieka uit Uganda.

Na 'n stigtelike woord deur die Huispa, het mnr Fick sy spyt oor die elf jaar lange wag uitgespreek, en is die ameubliment amptelik in gebruik geneem. Kameraflitse, persmanne en geklingel van glase was aan die orde van die dag.

Die noenmaal in die eetsaal was verruklik. 'n Opregte woord van dank aan spyseniers vir die dae lange werkskaffing daaraan. Feesgewaad van die tafels was grootliks toegeskryf aan die kerse en die kosmosblomme.

## WAG-'N-BIETJIE en die akademie

**Die Wag-'n-Bietjie-dames verkeer deesdae in 'n akademiese stemming. Die uittekenboek vir die biblioteek is gereeld vol haastige handtekeninge. Ons laat ons egter nie ondersit deur sulke nietighede soos akademie nie, en geniet ons veral Saterdae op die sportgebied.**

Kragte is al met verskeie koshuise gemeet en die hokkiespan van die koshuis vaar baie goed hierdie jaar. Saterdag het hulle teen Wanda en Kasteel gespeel en Wanda het naelskraap met 1 doel teenoor 0 gewen. Wag-'n Bietjie se dames sien egter enige tyd kans om weer teen hulle te speel. Kasteel en Wag-'n-Bietjie skyn egter ewe sterk te wees, en die wedstryd eindig gelykop met geen doele nie.

Verder is die netbaldames baie in hulle skik met hulle oorwinning teen die dames van Heide. Na die wedstryd (wat deur een van die dames as een van bloed, sweet en trane beskryf is) tree Wag-'n-Bietjie as oorwinnaar uit die stryd met 'n telling van 10 punte teenoor Heide se 8. Daar moet onthou word dat Heide verlede jaar die wenners van die koshuisliga in netbal was.

Verlede Maandagaand se koshuisvergadering het baie interessant verloop. Daar is besluit om die boonste ontspanningsaal saans tydens sleeptyd oop te stel. Daar word egter nog finaal besluit oor die spesifieke tye wat die manne ons ontspanningsaal mag besoek. Vir die manne wat by die dames van Wag-'n-Bietjie sleep, kan ons verseker dat dit aangenaam sal wees.

Die boonste ontspanningsaal is toegerus met 'n volvloer tapyt, 'n antrasietstofie, sowel as 'n hoëtroustel. Dit wil voorkom asof daar in die winter sommer lekker gekuier gaan word.

Verder wil ons net aan die manne wat af en toe kom sêr sê, dat ons hulle ongelukkig nie mag innooi vir koffie nie. Daar kan egter onthou word, soos een van die huiskomiteelede tydens die vergadering opgemerk het, dat ons darem vensters het! Of dit nou grapsgewys was, sal ons nie weet nie.

## WAT 'N HEERLIKE DAG VIR UITSPAN EN VERGEET-MY-NIE

**Alla wêreld! Sulke mooi jong dames besoek die Koninkryk van die Rooi Beer nie elke dag nie!**

Deur die hele Ryk van ons geliefde Rooi Beer gons dit soos die ander "bere" die koms van Vergeet-my-Nie se dames bespreek. Die "wolley-bal"-baan word in gereedheid gebring, want die dames van Vergeet-my-Nie kan teen ons speel! Wat 'n heerlikheid! Eers 'n bietjie afrigtingswerk en dan takel ons mekaar. Geesdriftig word die dames aangemoedig. En hulle speel soos ware kampioene! Maar o wee! die Rooi Beer is darem te sterk!

Vinnig leer die dames egter fynere kunsies aan en toe moes jy hulle sien! Veral toe Fanie soos 'n ervare heer aan die dames se kant inspring en hulle help. Hy lei sy span tot 'n welverdiende oorwinning! Staande word hulle toegejuig deur man en muis! Toe kom die weerwraak. Vergeet-my-Nie se eerste span wat so pas teen die tweedes onder Fanie se "leiding" verloor het, klim met mening in. Die resultaat? 'n Reuse oorwinning vir die eerste span!

Nou-ja, so verstewig die Rooi Beer sy betrekkinge met die ander koshuise. Ons hoop om in die toekoms die bande wat reeds gesmee is, te verstewig.

Met vriendelike Beergroete.

## VERGEET MY NIE

BESOEKERS aan "Vergeet-my-nie" het seker al gemerk dat die pragtige ornamentele oranje kruiwa voor ons deur, sedert karnavaltyd weg is.

Die Speurdiens van Vergeet-my-nie het orals gesoek, elke leidraad opgevolg en vingerafdrukke geneem: en ten einde laaste - na letterlik maande van navorsing - is die skuldiges aan die man gebring: niemand anders as Overs nie.

Die speurdiens het al sy troepe en reserviste, wat reeds vir so lank gereed gestaan het, opgekommandeer en die vyandelike kamp bestorm. Daar was 'n bietjie handgemeen geraak maar uit pure bewondering vir die dapper vegters en die speurendes, het Over-de-Voor ons kruiwa terugbesorg: vol heerlike sappige, smaaklike, soet suigstokkies!

Aan al die Overs-manne, omdat hulle ons kruiwa so mooi opgepas het en omdat hulle dit op eg ridderlike wyse terugbesorg het, sê Vergeet-my-nie vele dank en julle is baie oulik en "we dig you the most."

*Intervarsity, wegspring van die 10 000 meter op Roodeplaatdam.*

*Foto: Jaco Pretorius.*



## KANO-INTERVARSITY OP RHOODEPLAATDAM

**Die eerste volwaardige kano-intervarsity tussen Puk, Tuks, Rau en Wits is Saterdag 14 Mei deur Tuks op die Rhoodeplaatdam aangebied.**

Dit was 'n groot sukses aangesien die verskeie universiteite vir die eerste keer op so 'n wyse met mekaar kon meeding.

Die volledige uitslae is soos volg:

| Item | Plek. |
|---|---|
| 1. Senior 1 000 m K1 | 1. Puk, 2. Rau, 3. Wits, 4. Tuks, 5. Rau, 6. Wits. |
| 2. Dames 1 000m K2 | 1. Tuks, 2. Puk. |
| 3. Junior 500m K1 | 1. Rau, 2. Tuks, 3. Puk, 4. Puk, 5. Tuks, 6. Puk. |
| 4. Senior 500m K1 | 1. Puk, 2. Tuks, 3. Tuks, 4. Puk, 5. Wits, 6. Rau. |
| 5. Dames 500m K2 | 1. Tuks, 2. Puk, 3. Puk/Rau, 4. Puk, 5. Tuks. |
| 6. Ope 1 000m K1 | 1. Puk, 2. Tuks, 3. Wits, 4. Rau, 5. Puk, 6. Wits, 7. Tuks, 8. Puk, 9. Puk, 10. Tuks. |
| 7. Gemengde 1 000m K2 | 1. Tuks, 2. Puk, 3. Tuks, 4. Tuks, 5. Tuks, 6. Puk. |
| 8. Senior 1 000m K2 | 1. Tuks, 2. Puk, 3. Rau, 4. Wits, 5. Tuks, 6. Tuks. |
| 9. Dames 500m K1 | 1. Tuks, 2. Puk, 3. Tuks, 4. Puk, 5. Puk, 6. Puk. |
| 10. Senior 4x500 aflos K1 | 1. Tuks, 2. Puk, 3. Rau, 4. Tuks, 5. Wits, 6. Tuks, 7. Puk, 8. Rau, 9. Puk, 10. Puk. |
| 11. Dames aflos 4x250 K1 | Geen punt want Tuks en Puk se spanne het omgeval. |
| 12. Ope 10 000m K1 | Tuks 30, Puk 19, Wits 14, Rau 11. |

Die eindtotaal was soos volg:

Tuks 126
Puk 107
Rau 41
Wits 38

Saal de Jager van Puk het die Victor Ludorum-beker verower omdat hy as individu die meeste punte vir sy span ingesamel het naamlik 35¼. Chris Greeff van Tuks was tweede met 31 punte.

Na afloop van die kompetisie het daar 'n bier en braai en dans plaasgevind wat teleurstellend swak bygewoon is. Meeste van die deelnemers en ondersteuners het vroeg alreeds vertrek.

Reklame vir intervarsity was puik. Tukkies se kanoklub moet ook geluk gewens word vir hul inisiatief om die intervarsity aan te bied.

## PUK LANDLOOP OORHEERS IN WES-TVL

DIE EERSTE April byeenkoms was die Kokkie Nel byeenkoms waarin die Puk se Mans en Dames gewen het. Op 7 Mei was daar ook 'n ligabyeenkoms op Stilfontein. Van die dames het Alta Stander gewen. By die mans was dit Nollie Meintjies in die eerste plek met Gert Doorewaardt in die 2de. Die langnaweek vind daar landloop proewe op Stilfontein plaas. 'n Inter-Provinsiale byeenkoms op Pote is ook in die vooruitsig. Die doelwit van die landloop is egter die SA toernooi in UPE. 9 Julie sal daar ook 'n Proteaspan gekies word. Die Mainstein aflos is ook nog in die vooruitsigte vir elke landloper. Alles vind in een week plaas. Die Puk sal weer sy naam gaan hooghou met twee dames en twee mansspanne. Die dames lê net 4 kilo's af en die mans 12 kilo's. Verlede jaar het die Pukmans die SAU gewen en 1977 vooruitsigte is dat die Pukdames 'n goeie kans het om 'n eersteplek te behaal. Hierdie jaar se landloop is 'n werklike spanpoging.


Pukdames sal beslis hulle afdruk op die Wes-Tvl. spankompetisie en ook die SAU laat. Pukdames, ons is almal trots op julle!



# PASV GESONDHEIDSWEEK WAS GESLAAGD

**Die PASV het gedurende die week 28 tot 31 Maart 'n gesondheidsweek aangebied. Een van die onderwerpe wat behandel is, is of genesing sielkundig kan wees of nie. Dr. Doevendans het uit die Suid-Afrikaanse Mediese Joernaal van Maart 1977 daarop gewys dat slegs akkute infeksies deur geneesmiddels bestry kan word.**

**Prof. Hary Seftel, van die mediese skool te Wits het ernstige siektes soos hartaanvalle behandel. Volgens hom sterf jaarliks 1-miljoen mense aan hartaanvalle.**



*Brenda van Alexander de Markoff vertel meer omtrent skoonheid.*

Vetsug is net so ernstige siekte, dat wanneer 'n mens se liggaamsmassa 25% te groot is, jou kans vir diabetes agtmaal vererger. Dr. Sash het daarop gewys dat 'n dieet 'n hoë proteïeninhoud moet hê. Oefening volgens hom is net so belangrik.

Kanker wat hoofsaaklik deur chemikalië veroorsaak word, is ook omgewingsgebonde. In Engeland gaan daar jaarliks 50 000 rokers aan hartaanvalle dood. Alkohol is die derde hoogste oorsaak van dood. Dit vermink mense liggaamlik, geestelik en maatskaplik.

Gedurende die gesondheidsweek is daar ook werke deur Brenda van Alexander de Markoff oor skoonheid gegee. Die vel moet soggens en saans goed skoongemaak word en afgespoel word met lou water. Reinigingsmelk moet ook nie te veel alkohol bevat nie, want dit los die olierige laag op. As jy slegs een produk kan koop is nagroom die beste.



*Foto: Fotokuns*

# BEKENDE PUKKE WENNERS VAN COKE-BEURSE

TWEE NAGRAADSE studente aan die PU vir CHO het vanjaar vyfhonderd Rand beurse van die Coca Cola Bottelaars Vereniging verower. Hulle is Dries Coetzer, bekende rugbyspeler van die Puk wat 'n M. Comm-student is, en Tommie Ferreira, wat met gevorderde musiek studie besig is. Hy is ook 'n kranige atleet.

Die beurse is op 28 April oorhandig deur mnr. De Klerk van Coca Cola en mnr. Nel van Suncrush in Klerksdorp, wat heel regs op die foto verskyn saam met (v.l.n.r.) mnre. Coetzer, Ferreira en Hans van Zyl, Rekenmeester van die PU.

# KAFETERIA WORD VERBETER

**Die Puk-Pik gaan voor die einde van hierdie maand sitplek vir baie meer studente hê.**

Volgens die rektor prof. Tjaart van der Walt het dit lankal nodig geword om die Puk-Pik te verbeter omdat dit nie aan die Universiteit se behoeftes voldoen nie.

Veranderings wat aangebring gaan word sluit onder meer in nuwe tafels en stoele buite, asook 'n selfbedieningstelsel, beter etes, 'n nuwe bestuur en buitebediening.

Die belangrikste veranderings sal oor 'n tydperk van twee maande strek. Die tafels en stoele buite is reeds bestel en sal moontlik voor die einde van Meimaand gebruik kan word.

Daar sal moontlik werkgeleenthede vir studente in die kafeteria wees omdat dit vir langer ure oop sal bly. Die spesifieke tye is nog nie vasgestel nie.

# KUESTA '77

**Kuesta '77 vind van 11-15 Julie op ons kampus plaas. Kursusse in valskermspring, motorherstelkunde, fotografie en redenaarskuns vorm deel van 'n week vol plesier.**

Daar is ook 'n kunsfees waar foto's beoordeel sal word. Die aspirant toneelspelers kan hul slag kom wys en so ook studente sangers.

Daar is ook sosiale aksies soos 'n osbraai, "brewers brunch" (bier en brood) en 'n dinee.

Meer inligting is by die SSR-kantoor verkrygbaar.

# ONS WAG OP KLEREDRAGREËLS

**Die Pukke sal waarskynlik op 8 Junie uitsluitsel kry oor die sprake dat nuwe kleredragreëls ingestel word.**

Die SSR se kleredragkomitee het reeds hul voorgestelde reëls aan die Senaat se kleredragkomitee voorgelê. Laasgenoemde het die reëls gereed gekry vir voorlegging aan die Senaat.

Die deurvoering van die reëls word egter vertraag omdat daar gevoel word dat uniforme koshuisreëls saam met die voorgestelde reëls vir klere opgestel moet word.

Huisvaders van die verskillende koshuise is reeds besig met die opstelling van die nuwe koshuisreëls.

Die Wapad het uit ingeligte bronne verneem dat die SSR se kleredragkomitee, wat bestaan uit: mnre. Theo Cloete, Div Lessing, Johan van Wyk, Pieter Odendaal en Manie Meyer asook mejj. Wilna Fondse, Julieta Barnard en Ilse Kuun, die SSR se damesverteenwoordigster, met die huisvaders sal skakel.

Al die reëls sal dan saam op die volgende Senaatsvergadering op 8 Junie voorgelê word.

# SKAAKPOTENSIAAL IS GOED

**Die skaakklub het hul eerste ledevergadering op 28 Februarie gehou.**

Bedrywig is hulle nie juis op die oomblik nie, omdat die ligawedstryde eers teen die middel van Junie sal begin. Op die oomblik loop 'n eerstejaar, Gerhard Swanepoel, met die klub-kampioenskappe voor. Wie die uiteindelike wenners gaan wees is op die oomblik nog onbepaalbaar. Spelers soos Johan Swanepoel, Jannie Langenhoven en Wynand van Niekerk moet nie buite rekening gelaat word nie.

Die klub het ook 'n paar dames wat vanjaar deelneem. Tot dusver dreun hulle die mans goed op en menige man het al die onderspit gedelf.

Nuwe spelers is welkom om by die klub aan te sluit. Oefentye is Maandagaande vanaf 19h30 en Woensdaemiddae om 16h10 in kamer 10 van die F. du Toit gebou.

# KAFETERIA PLATSAK

OM DIE kafeteria later ure oop te hou word studente (veral dames) benodig om uit te help.

Die ure sal wees vanaf 18h00 tot 12h00.

Vergoeding onderhandelbaar.

Vir verdere besonderhede kontak mnr. T. Eloff by die SSR-kantoor tussen 13h30 tot 14h00.

# Hoërskool John Vorster soek oudleerlinge

DIE Hoërskool John Vorster op Nigel wil baie graag in aanraking kom met soveel as moontlik van sy oud-skoliere. Hulle moet die skool so gou as moontlik kontak en van hulle name en adresse voorsien.

Die adres is:
Hoërskool John Vorster
Posbus 36
Nigel
1490


**Volkskas praat die taal van kundiges**

**Die taal wat Volkskas praat, val soos klinkende munt op die oor van die vernuftige belegger.**

**Volkskas kan bekostig om soos 'n kenner sy sê te sê: want sedert die vroegste dae groei Volkskas saam met die land en sy mense. Ken hy hulle aard, hulle behoeftes, hulle lojaliteite.**

**Daarom praat Volkskas saam ... in 'n tradisie van diens en kundigheid.**

**Kom praat met die bank wat verstaan.**

Volkskas
(Geregistreerde Handelsbank)


# NAWEEKTOETSE KORTWIEK KORPS

**Korps se werksaamhede word kwaai gekortwiek deur naweektoetse sê mnre. Piet Fourie en Douw Breedt in hul halfjaarlikse verslag.**

Die tweedejaarskamp was egter baie geslaagd.

Die beplande Interuniversitêre kamp vir Christelike studenteverenigings word ernstig deur die naweektoetse geraak asook die P.U.-Aktueel eerstejaarskampe.

Wat die interuniversitêre kamp betref is daar goeie kontak met ander universiteite gemaak.

Die grootste probleme wat, behalwe naweektoetse, met die kampe ondervind word is die gebrek aan samehang en kontinuïteit in die opleiding self. Reklame is soms ook baie swak.

Volgens die verslag sal die eerstejaarskamp nog deurgaan terwyl nog 'n sel-kamp beplan word.

Gedurende die tweede semester sal 'n kamp vir Universiteitsverlaters moontlik gehou word.


# SPESIALE STUDENTEPRYSE

**MAISON HAZELETTE**
**OWENSLAAN 4**
**(REGOOR CHECKERS)**

VRA VIR **ANTONIO**

*LAAT 'N KENNER U HARE SNY*

| | |
|---|---|
| *HAARSNY* | **R 2-50** |
| *SNY & BLAASDROOG* | **R 4-50 - R 5-50** |
| *KARTELLINGS* | **R10-00 - R12-50** |
| *„HIGHLIGHT"* | **R 8-00 - R11-00** |

BESTELLINGS: **TEL. 5570**
MANS OOK WELKOM

KOSHUISRUGBY

# SLEGS HOMBRÉ ONOORWONNE

MET 'N KWART van die koshuisliga wedstryde reeds afgehandel is dit slegs Hombré wat nog onoorwonne is. Afgesien hiervan is dit geen uitgemaakte saak dat hulle die kompetisie sal wen nie, want Dawie du Plessis blaas in hulle nekke met slegs een wedstryd verloor, so ook Klooster. Saterdag die 14 Mei 1977 is die volgende wedstryde gespeel:

Dawie du Plessis – 15
Klooster – 9

Dawie du Plessis kry hier vroeg 'n oorhand wat die fondament geplaas het vir hulle oorwinning. Klooster verloor dus hulle eerste wedstryd van die seisoen en sal definitief 'n plan met hulle senters moet maak as hulle bo wil uitkom in die liga.

Caput - 17
Drakenstein - 10

Caput behaal sy eerste wedstryd van die seisoen in 'n wedstryd wat met tye goeie rugby opgelewer het. Drakenstein wat goed begin het die seisoen is egter besig om teleurstellende rugby te speel.

Overs - 24 Dorp - 12

Overs slaap egter eers om in hulle derde wedstryd die seisoen om 'n oorwinning te behaal. Dorp het egter nie aan die verwagtinge voldoen nie, wat van hulle verwag was na hulle skitterende oorwinning van 29 - 3 oor Drakenstein die vorige Saterdag nie.

Ander uitslae die seisoen is:

Verlede jaar se kompirene

7 Mei 1977:
Hombré - 12 Overs - 8
Dawie Dup - 14 Caput - 6
Dorp - 29 Drakenstein - 3

14 Mei 1977:
Klooster - 16 Caput - 15
Hombré - 9 Drakenstein - 6
Dawie Dup wen Dorp

Die huidige puntestand is:

| Koshuis | Aantal wedstryde | Punte |
|---|---|---|
| Hombré | 3 | 6 |
| Dawie Dup | 4 | 6 |
| Klooster | 3 | 4 |
| Caput | 3 | 2 |
| Overs | 3 | 2 |
| Drakenstein | 3 | 2 |
| Dorp | 4 | 2 |



*Theo Diedericks skrumskakel van Hombré stuur sy agterlyn weg in 'n wedstryd teen Overs wat 'deur Hombré 12-8 gewen is.*
*Foto: G. van Rooyen.*

## NETBAL OF KOFFIE?

**Koshuisnetbalverteenwoordigsters hardloop net heen-en-weer om dames te kry vir hulle koshuisspanne. Die spanne is gedurig volledig maar Saterdae op die Netbalbaan is daar werklik min spanne wat werklik kan speel.**

Die Pukdames is nie bereid om elke tweede Saterdag op te offer vir hul koshuise nie. Vir die wat dit wel doen, baie dankie van alle Pukke.

Die kern van die probleem blyk te wees dié gesindheid waarmee die dames wil speel. Hulle speel nie vir die spel as sulks nie. Niemand wil die oefening bybring nie – altyd verskonings en nogmaals verskonings.

Baie dames verkies liewer hulle koshuiskamers met 'n lekker koppie koffie in die hand en dan . . . hoe sal ons nou sê, "die gebeure van die dag"!

'n Goeie vraag wat die Puk dames hulle self kan afvra is: "Kort ons Pukdames nie dalk meer oefening nie? – oefening is tog die beste dieet! Lywigheid neem mos toe deesdae.

## BRIEF

**SPORTMANGEES . . . .?**

**Geagte Redakteur,**

Met die aanvang van die rugbyseisoen is dit nou weer 'n algemene gesig dat die betrokke koshuise in hulle hordes opruk na wedstryde. Ongelukkig is dit ook so dat daar net een wenner kan wees. In die laaste tyd het hier 'n tendens op die PUK ontwikkel waartydens spelers onaangename en dikwels onwelvoeglike aanmerkings toegeslinger word. Dit is dan ook meestal gerig op die spel of persoon van 'n betrokke speler. Daar is niks mee verkeerd om jou span aan te moedig nie. Maar daar is ook 'n grens aan verbonde. Is dit nodig om persoonlike aanmerkings teenoor 'n speler te maak? In die onlangse wedstryd waar Hombré teen Over de Voor gespeel en Hombré dan ook gewen het, was dit opvallend hoeveel snedige en dikwels afstootlike aanmerkings daar tot spesifieke spelers van Hombré gerig is. Nog 'n kenmerk is dat net sekere spelers uitgesonder word. En hier lê alreeds aanleiding tot vuil spel.

As vuil aanmerkings deel vorm van sportmangees, dink ek dit is tyd dat daar besin word oor wat sportmangees werklik is. Aanmerkings tydens die spesifieke wedstryd het ook aanleiding gegee tot vuilspel. Is dit sportmangees om die water wat tot beskikking van beide spanne gestel word, uit te gooi nadat een span klaar gedrink het?

Koshuisrugby kan net daarby baat as daar goeie onderlinge sportmangees tussen spelers en toeskouers is.

KOSTER EN KOK
HOMBRÉ

## SPORTKORRELS

DEUR HANS SAESTAD

# LANDLOOP INISIATIEF GESMOOR?

**Met die huidige ekonomiese toestand in die land kan Universiteite nie meer bekostig om sportmanne van ander universiteite vry losies te gee nie.**

Dit bring mee dat elke student wat aan 'n S.A.U. toernooi deelneem sy verblyfskoste uit sy eie sak moet betaal. Die tarief wat die Universiteite vra is R5,50 per dag.

Die landloopklub het egter besluit om geld in te samel vir hulle S.A.U. op P.E. 'n Os is aan hulle geskenk, en dit sou gebruik word om geld in te samel, deur dit aan die wenner te gee wat 'n kompetisie wen.

Die SSR het egter besluit dat dit nie goed is nie, want uit die korrekte antwoorde sou een naam getrek word. Volgens die SSR speel geluk 'n rol, en dit kom neer op lotery, en die landloopklub kry 'n ferm nee vir die kompetisie!

As alternatief word aanbeveel 'n veiling. Dit is mooi om 'n alternatief te stel, maar onprakties. Vir 'n os op 'n veiling kry jy om en by R200. Dit dek slegs 5 persone se koste en met studente by 'n veiling sal jy skaars R100 kry.

Nee, SSR, dink bietjie na, en het julle nie inisiatief om finansiële probleme te bowe te kom gedwarsboom nie???

# Drie stoeiers haal proewe

DIE STOEIERS van P.U. het weereens goed presteer. Die naweek van die 16de April het drie stoeiers deelgeneem aan die Wes-Transvaal proewe te Lichtenburg. Marius Logtenberg en Christo Lottering het eerste plekke behaal. Hulle is gekies om Wes Transvaal teen ander provinsies te verteenwoordig. Die derde lid van die span, Kobus Dreyer het ongelukkig nie die span gehaal nie. Daar word egter nog baie van hom verwag in die toekoms.

Daar word 'n vriendelike uitnodiging gerig aan alle stoeiers, sowel as persone wat graag wil stoei, om by ons aan te sluit. Die amptelike oefentye is half vyf Maandae en Woensdae.

# Dameshokkiespanne het getoer

**Met 'n suksesvolle fondsinsameling het 'n toer vir dié dames 'n werklikheid geword. Dit het plaasgevind vanaf 25 April – 2 Mei 1977 wat bestaan het uit 26 lede in die toergroep, 2 toerouers, 'n bestuurder vir die 2½ ton en 23 speelsters.**

Die speelsters was tydens die hele toer op Lekkeroord in Oos-Tvl tuis. Dinsdag 26 April klop Pukspan Hamilton Wanders met 1-0. Woensdag 27 April het eerstespan Clarendan Girls High School 1-0 gewen. Die tweedespan het teen Arens Hoërskool 2-2 gelykop gespeel. Donderdag 28 April wen tweedespan met 5-1 teen Convent. Eerstespan verloor teen King Williamstown met 2-1. Vrydag 29 April. Eerstespan verloor teen "Old Boys" met 5-2 asook tweedespan 1-3 teen Buffaloes.

Dié toer was 'n reuse sukses en is afgesluit met 'n dinee vir altwee spanne as gaste van die Potchefstroomse Burgemeester Dr. G.J.J. van Deventer by die Kenneway Hotel in Oos-Londen.

SPORTPERSOONLIKHEID VAN DIE WEEK

# FLIPPIE VENTER

**Die rugbyspeler op die PUK wat die afgelope twee jaar die meeste opgang gemaak het is ongetwyfeld Flip Venter, die PUK 1A skrumskakel.**

Flippie, wat in sy finale jaar H.O.D. is, het eers in sy voorlaaste jaar verteenwoordigende rugby begin speel. In sy eerste paar jaar het hy maar vir sy KOSHUIS UITGEDRAF. In dié tydperk het hy egter vir die PUK gestoei. Op skool het hy ook Noord-Natal op die stoeimatte verteenwoordig.

Verlede jaar het Flip vir die PUK se eerstespan rugby begin speel en Wes Tvl "B" in een wedstryd verteenwoordig. Hierdie jaar het hy egter sy stem van die begin af dik gemaak, en is op die oomblik 'n outomatiese keuse vir Wes Tvl.

Flip kan met sy ondernemende spel dit nog ver bring. Hy is op die oomblik een van die beste skrumskakels in die land.

Oefening is Flippie se sleutel tot sukses, alhoewel hy 'n baie natuurlike sportman is.



*Flippie Venter*
*Foto: G. van Rooyen*

# Pluimbalklub puik

**Drie Pukke, Leon Wolmarans, Linnie Uys en Rosalie de Klerk, is gekies vir die Wes-Transvaalse A-span.**

In die W.Tvl. ligawedstryd was die PUKKE een van die gedugste spanne.

Tydens Intervarsity teen RAU het die tweede span 15-0 gewen, terwyl die gekombineerde A span (dames en mans) met 9-6 geseëvier het.

Die sukses van die Pluimbalklub kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die daadwerklike steun van die sport instituut, waardeur dit moontlik is om afrigting van baie hoë standaard te verkry. Die toegewyde oefening van veral die topspelers moet ook nie buite rekening gelaat word nie. Met mnr. Sakkie Robinson as voorsitter, sal die PU Pluimbalklub groot hoogtes bereik.

ONS HET ALLES WAARNA U SOEK IN DIE LYN VAN SPORTBENODIGDHEDE; BESOEK ONS GERUS

**STUDENTE SPORT**

**Kerkstraat Potchefstroom**

Promedia